Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar

# ISRAEL

## saam met Stephan Joubert

### Vertrek: Saterdag, 20 November 2021

**SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE REISPLAN**

**(O)**-Ontbyt **(M)**-Middagete **(A)**-Aandete **(*)**-Ete aan boord die vliegtuig

**Dag 1: Saterdag, 20 November JOHANNESBURG – TEL AVIV**

Ontmoet mekaar vanaf 18:00 by die El Al toonbank in die Internasionale vertreksaal van Johannesburg se O.R. Tambo Internasionale lughawe. Nadat die El Al sekuriteitsprosedures afgehandel is, sal u bagasie deur die lugredery toegedraai word. Vertrek om 21:45 na Tel Aviv. Oornag aan **BOORD (A*)**

**Dag 2: Sondag, 21 November JOPPE – BERSÉBA – TIMNA PARK – EILAT**

Stryk om 06:30 op die Ben Gurion lughawe neer. Ons toerbus staan gereed om na Tel Aviv te vertrek vir 'n besoek aan Joppe, 'n voorstad van moderne Tel Aviv. Dit is hiervandaan waar Jona na Tarsis probeer vlug het. Die huis van Simon die leerlooier is vandag nog hier te sien. Reis dan oor Berséba na Timna Park waar Salomo se kopermyne te sien is. Besoek die "Tabernakel in die Wildernis" wat gebou is op die aanwysings soos dit in die Ou Testament uiteengesit word. Reis verder na Eilat wat op die oewer van die Rooi See geleë is. Aandete en oornag in **EILAT (O*)(A)**

**Dag 3: Maandag, 22 November EILAT – MASSADA – DOOIE SEE**

Bring vanoggend besoek aan Eilat se gewilde Rooi See Onderwater Observatorium waar die seelewe en korale van naderby besigtig kan word. Vertrek na die bergvesting Massada, waar u per kabelspoor na die kruin geneem word. Besigtig die bouvalle van die eens luukse paleis van koning Herodus en geniet die lieflike uitsig oor die Woestyn van Judea en die Dooie See. Hier het die tragiese verhaal van Eleazer Ben Yair en sy 959 Joodse volgelinge, wat eerder massa-selfmoord gepleeg het as om hulle in die Romeinse besetters oor te gee, afgespeel. Ons bestemming is die Dooie See, die laagste plek op aarde. In die Bybel het dit as die "sout see" bekend gestaan. Tyd om letterlik "op" die water van die Dooie See te dryf. Aandete en oornag by die **DOOIE SEE (O)(A)**

**Dag 4: Dinsdag, 23 November EIN GEDI – QUMRAN – BETH SHEAN – TIBERIAS**

Vertrek vanoggend na Ein Gedi waar Dawid soms teen Saul geskuil het en waar hy die geleentheid gehad het om Saul dood te maak, maar net 'n stukkie van sy kleed afgesny het. Reis verder na Qumran waar die Dooie See boekrolle in 1947 ontdek is. Reis verder met die Jordaanvallei langs na die uitgrawings van Beit Shean met sy indrukwekkende Romeinse amfiteater. Hierdie stad is in die omgewing van die Gilboaberg geleë en dit is hier waar Saul en sy seuns se liggame teen die stadspoort vasgesbind was. Ons bestemming is die See van Galilea waar aandete by ons hotel bedien word. Oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

**Dag 5: Woensdag, 24 November GALILEA OMGEWING**

Vertrek vanoggend na die ruïnes van Magdala, die tuisdorp van Maria Magdalena. In die tyd van Jesus was dit 'n vooruitstrewende vissersdorpie. Argeoloë het die oorblyfsels van die dorpie wat uit die dae van Jesus dateer, blootgelê wat 'n Bisantynse klooster en 'n mosaïekvloer van 'n vissersboot uitbeeld. Die omgewing staan vandag bekend as Migdal. Bring dan besoek aan Tabgha, waar die brood en vis vermeerder is. 'n Entjie verder noord is die Mensa Christi kerk waar Jesus aan Sy dissipels verskyn het en hulle saam geëet het. Reis verder na die Berg van Saligsprekinge waar die bergpredikasie gelewer is. Besoek die Kerk van Saligsprekinge. Ons geniet dan 'n tipiese "St Peter's Fish" middagete met komplimente van E-kerk. Sien die uitgrawings van Petrus se huis en die bouvalle van 'n Sinagoge uit die tweede eeu wanneer ons tyd in Kapernaum deurbring. Bring dan besoek aan die Boot-museum waar ons die sogenaamde "Jesus Boot" besigtig. Sluit die dag met 'n bootvaart op die See van Galilea met geleentheid vir 'n kort oordenking af. Aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

**Dag 6: Donderdag, 25 November NASARET – KARMEL – MEGIDDO – CAESAREA – JERUSALEM**

Reis vanoggend na Nasaret en besoek die "Nazareth Village" waar ons in tyd teruggeneem word na die dae toe Jesus as kind in hierdie omgewing opgegroei het. By die berg Karmel geniet ons die indrukwekkende uitsig oor die vlakte van Armageddon waar die finale slag in die laaste dae sal plaasvind. Dit is hier waar Elia die Baälpriesters om die lewe gebring het. Daar is 'n Karmeliete-klooster en 'n standbeeld van Elia op die terrein. Reis verder na Caesaea Maritima en besoek die oorblyfsels van 'n kruisvaarder-vesting en die gerestoureerde Romeinse amfiteater. Caesarea is in die 13de jaar voor Christus deur Herodus die Grote gebou, en dit was ook die tuisdorp van Pontius Pilatus, Filippus en Cornelius. Ons bestemming is Jerusalem, die stad van vrede soos daarna reeds vroeg in die Bybel verwys word. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

**Dag 7: Vrydag, 26 November JERUSALEM**

Ons toer van Jerusalem begin by die Olyfberg of Olivet vanwaar u 'n pragtige uitsig oor die Ou Stad en die tempelterrein het. Hier van die Olyfberg af het Jesus sy dissipels gestuur om die donkie te gaan haal waarop Hy Jerusalem binnegery het. Vertoef in die Tuin van Getsemane waar Jesus gebid het. Judas het Jesus hier verraai en is Hy na Kajafas geneem

om aangekla en verhoor te word. Die “Kerk van alle Nasies” is in hierdie tuin geleë waar verskeie Olyfbome vandag steeds groei. Sien die huis van Kajafas die hoëpriester, bekend as “Petrus in Galicantu”. Dit was hier waar Petrus die Here drie maal verloën het. Gallicantu beteken “die kraai van die hoenderhaan”. Besoek die Stad van Dawid waar die poel van Siloam vandag nog te sien is. Stap met die droë tonnel langs na die Suidelike trappe wat na die eertydse tempel gelei het. Ons volgende stop is die Davidson Argeologiese park. Sluit ons besoek aan die Ou-stad by die klaagmuur, die allerheiligste plek vir die Jode af. Onderneem die Westelike muur se “behind the scenes” ondergrondse tonneltoer, ook bekend as die Kotel. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

**Dag 8: Saterdag, 27 November JERUSALEM**

Begin die dag by die Tuingraf af waar u op ‘n toer van die terrein geneem word. Een van die plaaslike personeel sal verduidelik waarom hierdie plek die waarskynlike graf van Jesus is. Geniet ‘n pragtige uitsig oor Golgota wat ook bekend staan as Gordon’s Calvary. Nagmaal word by die tuingraf bedien. Stap na die die Bad van Bethesda en besigtig die kerk van St Anne. Sien die vesting van Antonio, waar Jesus verhoor is en die plaveisel waar Hy sy kruis opgeneem het. Volg die roete van die Via Dolorosa of lydensweg wat begin by Pilatus se verhoorsaal. Geniet vrye tyd in die Ou-stad van Jerusalem. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

**Dag 9: Sondag, 28 November BETLEHEM – ABU GOSH – SILO – BEN GURION LUGHAWE**

Bring vanoggend besoek aan Betlehem en die Herdersvelde met geleentheid om aandenkings te koop by ‘n groot Curio-winkel waar olyfhout produkte baie gewild is voordat ons na die imponerende dorpie Abu Gosh reis, ook bekend as Emmaus met sy belangrike Christelike inslag en Kruisvaarderkerk. Bring dan besoek aan Silo, ‘n antieke stad wat in die Ou-Testament na verwys word. Dit was die hoof-aanbiddingsplek vir die Israeliete voordat die eerste tempel in Jerusalem gebou is. Dit is in hierdie omgewing waar die ark en tabernakel gedurende die tyd van die Rigters gesetel was, en waar Hanna se seun Samuel die Here onder leiding van Eli gedien het. Oorplasing na die Ben Gurion lughawe waar ons die El Al vlug haal wat om 22:00 na Johannesburg vertrek. Oornag aan **BOORD (O)(A*)**

**Dag 10: Maandag, 29 November JOHANNESBURG**

Stryk om 06:40 op Johannesburg se O.R. Tambo Internasionale lughawe neer; ryk aan herinneringe en verryk in die gees. Eendag maak ons weer so! **(O*)**

**VERWAGTE TOERPRYS: R39,980 per persoon** *(Beperkte sitplekke beskikbaar teen hierdie wisselkoers)*
*Toerprys soos volg bereken:* ***Verwagte groep-lugreisgeld:*** *R10,600 /* ***Landreëlings:*** *R29,380*

*Tariewe word deur die diensleweraars teenoor die Amerikaanse Dollar tot op* ***R16,00*** *gedek. Die Randwaarde van ons toerprys sal met balansbetaling aangepas word indien die Rand sou verswak. Reisversekering word ten sterkste aanbeveel en kan deur ons kantoor uitgereik word. Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker.*
*Die toerprys is gebaseer op ‘n minimum van 48 passasiers wat saamreis.*

***Groeptoer geldsake:*** *‘n Nie-terugbetaalbare deposito van* ***R15,000.*** *Die balans van die toerprys is betaalbaar teen 31 Augustus 2021, en die wisselkoers van die dag sal op die Randwaarde van ons toerprys van toepassing wees. Maak asb seker dat u fondse gedurende hierdie tyd beskikbaar is, aangesien balansbetaling weens die wisselvalligheid van die Rand, sowat 72-uur na fakturering betaalbaar is. Toerprys se Randwaarde mag met balansbetaling soos volg wissel na gelang van die Dollar-waarde:*
***R37,980*** *(R14,50 = US$1) / R39,980 (R16,00 = US$1) / R41,380 (R17,00 = US$1)*

***Besprekings:*** *Voltooi asb die registrasievorm en e-pos die dokument tesame met u bewys van betaling na toere@ekerk.org. Besprekings word op ‘n “first-come, first-served” basis hanteer.*

**INGESLUIT:**
- Ekonomiese retoervlugte insluitend inboek-bagasie lughawebelasting en brandstofheffing
- Lughawe / hotel retoer oorplasings soos per program
- Ontbyt en aandete daagliks soos per program
- Vierster akkommodasie
- Geregistreerde Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per reisplan
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere en hotelpersoneel

**UITGESLUIT:**
- Opsionele enkelkamer US$100 per nag
- Opsionele reisversekering vanaf R1,130 vir onder 70-jariges, R2,830 vir onder 80’s en senior polis op aanvraag beskikbaar

*Reisplan is onderhewig aan verandering na gelang van tydskedules en veiligheidsituasies*

StarGate international
International Group Tour Operators

Vir nadere besonderhede, kontak
**Ekerk by**
toere@ekerk.org